



Foto: Riata Nel

Nat skoene by 'n warm vuur...Niemand hou daarvan om met nat skoene te loop nie, veral nie tekkies nie. Dit is net nie lekker nie, jou voete bly nat. Dit is net ongemaklik. Tog is dit die realiteit vir diegene wat staptogte aanpak en verras word met reën of diegene wat roei en met stroomversnellings in die water beland, dan moet jy 'n plan maak (soos die foto bo).

Niemand wil graag uit eie keuse met nat skoene stap nie en nog minder in 'n ander mens se nat skoene. Skoene vertel stories. Sommige skoene is flenters en vol gate – dit vertel dalk 'n storie van aanhou, uithou en moedhou. Ander se skoene blink, dalk ook 'n storie van aanhou, uithou en moedhou? Op die ou end los elkeen 'n spoor, kaalvoet, met ou skoene nuwe skoene of nat skoene. Sal interessant wees om elke skoen se storie te hoor.

Kleintyd het die foto en storie van die een ry voetspore in die sand my beïndruk.

## *Voetspore gedig Mary Stevenson*

*Een nag het ek 'n droom gehad.  
Ek het gedroom dat ek op die strand loop  
en gebeurte uit my verlede  
het voor my afgespeel.*

*In elke toneel het ek twee rye voetspore  
in die sand gesien:  
Myne en die Here sin.*

*Toe die laaste toneel voor my afspeel,  
het ek teruggekyk na die voetspore in die  
sand en merk toe op dat daar soms net een ry  
spore was.*

*Dit was telkens gedurende die eensaamste en  
droewigste tye in my lewe!*

*Dit het my gehinder en ek het gevra:  
“Here, toe ek begin het om U te volg,  
het U belooft dat U my nooit  
in die steek sal laat nie.*

*Hoekom was daar dan net een ry  
spore gedurende daardie moeilike  
tye in my lewe?*

*Ek kan nie verstaan waarom U, in  
die tye wat ek dit die nodigste gehad  
het, my verlaat het nie.”*

*Die Here het geantwoord:  
“My liewe kind! Ek het jou lief  
en sal jou nooit verlaat nie.*

*Die tye wat jy net  
een ry spore gesien het  
Was die tye toe Ek jou gedra het.”*



## Hemelvaart, 21 Mei 202 Fokusteks: Efesiërs 1:15-23

(Ds. Petrie de Villiers)

### 1

Ek het êrens gelees van 'n vrou wat daarvoor bekend was dat sy 'n armoedige bestaan gehad het. Sy het as kind in 'n arm huis grootgeword. Na skool kon sy wel 'n werk kry, maar die betaling was nou nie juis baie goed nie. So het sy vir 39 jaar gewerk. Deur die jare het haar huis het al meer begin verweer en agteruit gegaan. Haar voorkoms en kleredrag het getuig van iemand wat nie meer omgee het hoe sy lyk nie. As iets gebreek het, het sy dit nie laat regmaak of vervang nie. Uiteindelik het haar gesondheid weens wanvoeding ingegee en sy het gesterf. Groot was die verbasing toe daar, na haar dood, ontdek is dat sy 'n geweldige groot som geld aan familieleden nagelaat het. Sy het deur al die jare nie daarvan gebruik om haar eie lewensomstandighede te verbeter nie. 'n Mens sou met reg kon vra: Hoekom het sy dan nie die geld gebruik toe dit wel beskikbaar was nie? Waarom onnodig gebuk gaan onder armoede terwyl sy die finansiële vermoë gehad het om iets daaraan te doen? Hoekom het sy die lewe vir haarself so moeilik gemaak?

Op 'n manier dink ek dieselfde ding gebeur met kinders van die Here. Ons besef nie watter geweldige seëninge ons van die Here ontvang het nie en dan sukkel ons om sin te maak van die lewe met al sy uitdagings. Ons worstel soms met allerlei geloofsaanveginge, terwyl ons dikwels vergeet dat God se krag vir ons beskikbaar is en reeds in ons aan die werk is.

Paulus begin sy brief waar hy vir God prys vir al die seëninge wat die gemeente ontvang het (1:3-14). Vanaf v.15-23 bid hy dat God die gemeente se oë mag open om die volle rykdom van hierdie seëninge te verstaan en te ervaar. Die probleem is nie dat God sy goedheid van ons weerhou nie. Dit is nie asof ons 'n gebrek aan sy seëninge het nie - in Christus het ons elke denkbare seëning ontvang (v.3). Die probleem is eerder dat ons sukkel om dit reg te verstaan en dus ook moeilik vind om die krag daarvan te ervaar. Hoe word 'n mens dan bewus van God se groot krag en hoe kan ek sy seëninge ervaar? Ons ervaar dit soos wat Hy 'n pad met ons loop en ons Hom in daardie proses al beter leer ken. Daardie kennis kom nie vanself nie, dit word deur die werking van die Gees in ons bewerk. Onthou dat ons die Heilige Gees reeds ontvang het. Die vermoë om God te leer ken is reeds daar! Hy maak dit vir ons moontlik. Paulus bid daarom dat die Vader deur die Gees aan hulle wysheid sal gee om Hom so te leer ken. Hy bid verder dat die Gees hulle oë sal verhelder. Dit beteken dat ons die lewe anders sal verstaan en begryp as wat dit op die oog af lyk.

Waarvoor moet ons oë oopgemaak word? In v.18-19 kan ons drie sake onderskei waarvoor Paulus bid. Die eerste is *dat ons mag weet watter hoop sy roeping vir ons inhou*. God het ons geroep om sy eiendom te wees (v.13). Ons is geroep om die nuwe lewe te leef wat aan ons geskenk is - 'n lewe van vrede en liefde. Terselfdertyd moet ons nie terugdeins vir teenstand en bespottings nie. Jesus het dit immers self ervaar. Ons moenie bang wees om in sy voetspore te volg nie. Hy is uit die dood opgewek en beklee nou die heerlijkheid van God. Ons kan daarop reken. Dit sê ook iets van die toekoms wat ons te wagte kan wees, wanneer ons finaal van alle swaarkry verlos sal wees. As die seëninge van God 'n rivier sou wees, kan mens dit so verstaan dat die plek van waar die rivier ontspring, God self is. Die opstanding van Jesus is die lewensaar van waaruit die strome van seën vloei. Intussen kan en moet ons in 'n heerlike en wonderlike persoonlike verhouding met Jesus leef. Nie net met Hom nie, maar ook met mekaar as gelowiges. Dit is die hoop waartoe ons geroep word. Die tweede bede is die laaste gedeelte van v.18. Dit is dat die gelowiges sal begryp *watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het*. Petrus noem dit op sy beurt die *onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word* (1 Pet.1:4). Dit is iets wat nie verlore kan gaan of gesteel word nie. Wat is hierdie erfdeel wat ons gaan ontvang? Dit is om saam met Christus te kan wees en saam met Hom in die heerlijkheid van God te kan deel. Paulus bid dat die gelowiges dit mag herken as 'n geweldige rykdom.

Ek dink Paulus het met opset die woord “rykdom” gebruik. Hou in gedagte dat Efese ‘n groot handelstad was met indrukwekkende geboue. Die suigkrag van materialisme was dus ‘n werklikheid en versoeking vir die gelowiges om hul sekuriteit in aardse skatte te soek. Die werklike rykdom in die lewe is egter te vinde in dit wat God vir ons deur Jesus bereik het. Dit is iets waarna ons kan uitsien omdat die Here dit reeds vir ons gereedgemaak het.

Die derde bede van Paulus is in v.19 - *hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo*. Presies hoe groot hierdie krag is word dan verder in v.20,21 uitgespel. Dit is dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het en aan Hom ‘n heersersposisie gegee het. Wanneer ons as Christene bely dat Jesus opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, dan bedoel ons daarmee dat Hy oor die mag en krag van die Vader beskik. Dit is die posisie vanwaar Jesus vir ons intree en sorg en vanwaar Hy regeer en oorwin. Dit beteken natuurlik verder dat daar geen ander mag is wat ons hoef te vrees nie. Dis asof Paulus hier wil sê: Van die duiwel af tot waar ook al! Noem maar op, laat hulle maar kom. Of soos ons in Engels sê: *bring it on!* Daar kan geen groter mag wees as om die dood en kwaad te oorwin nie.

’n Kategeet het besluit om een Sondagmôre ‘n vraag vir sy groep kinders te vra: “As Jesus aan die regterhand van die Vader sit, wie sit aan sy linkerhand?” Een kind het dadelik uitgeroep: “Ons, ons!” Efesiërs 1 herinner ons aan alles wat ons het en Wie Jesus is... Dit is die belangrikste ding om te weet - Jesus regeer!

Hoe weet ons dit? Ons kan dit net weet deur die geloof, beslis nie deur ons menslike ervaring nie. Jesus se heerskappy is nie altyd met die blote oog sigbaar nie. Inteendeel, as ons met die blote oog na ons eie lewe kyk en na die wêreldgeskiedenis, dan lyk dit allermins of Jesus regeer. Daar is net te veel oorloë, vervolginge, veroordeling, skeuring, twyfel en lyding. Dit lyk soms asof alles skeefloop en dat die kwaad besig is om te seëvier. Die gebed wat Paulus bid is dat ons juis tot ‘n beter insig sal kom om te verstaan wie nou eintlik die mag in die hand het. Daardie insig kom wanneer ons gedurig herinner word aan die opstanding van Jesus uit die dood. Dit is die bril waardeur ons moet kyk sodat ons geestesoë verhelder kan word om God op sy troon te sien.

Ons oë moet egter ook oopgaan vir die *aard van Jesus se heerskappy*. Die opstandingskrag wat nou in ons aan die werk is, gee ons nie die reg om buite die styl van Jesus op te tree nie. Sy heerskappy was een van diens, opoffering en selfprysgawe, van vergifnis, liefde en omgee. Ons mag nooit by die punt kom waar ons ongeduldig raak met hierdie wêreld en namens God probeer om alles reg te ruk nie. Dit gaan hier om Christus wat heers oor sy kerk en oor die wêreld, en nie om die kerk wat in sy plek wil mag uitoefen nie. Ongelukkig was daar al voorbeelde hiervan in ons geskiedenis, soos kruistogte en heilige oorloë wat in die Naam van Christus geweld en onreg teen die mensdom gepleeg het.

Die skrywer, Chesterton, skryf ‘n speurverhaal met die naam, *Die hamer van God*. Een van die karakters, Vader Brown, ondersoek die moord op ‘n persoon wat eintlik maar as ‘n skurk en misdadiger bekend gestaan het. Dit blyk toe dat die slagoffer se skedel met ‘n hamer verbrysel is. Die hele dorp verdink die dorpsmid, omdat dié blykbaar goeie rede gehad het om so-iets te doen. Uiteindelik word die moordenaar vasgetrek, en dit was toe nie die dorpsmid nie. Dit was die predikant, broer van die vermoorde persoon. Hierdie predikant het die gewoonte gehad om hoog in die boonste toring van die katedraal te sit van waar hy almal se doen en late kon dophou. Daar in die toring het hy kwaad geword vir die misdadigheid van sy broer, en op ‘n dag, toe hy sy woede nie meer kon beteul nie, het hy hom van bo af met ‘n hamer gegooi. Vader Brown het aan die predikant gesê: *Die berge is gemaak om na op te kyk, en nie om daarvandaan af te kyk nie. So is kerktorings gemaak as vingerwysers na God, en nie vir ons om daarvandaan af te kyk na ons medemens nie, want dan word hulle insekte in ons oë.*

Ons is soms geneig om by die Here te wil oorvat. Ons wil vanuit die hemel regeer, en dan kom ons sommer 'n paar mense goed by. Die waarheid is egter dat God regeer, nie deur geweld nie, maar deur sy Gees, met sagmoedigheid en geduld.

Hemelvaart is 'n tyd vir boontoe kyk, vanwaar God heers. Dis 'n tyd vir rondom ons kyk, van optree teenoor ander in die gesindheid en genade van Jesus. Hemelvaart is egter ook 'n tyd vir vorentoe kyk. As ons begin verstaan en aanvaar dat God dinge op sy manier en tyd doen, sal ons eie lewe meer sin maak al kom daar uitdagings, moeilikhede en struikelblokke. Die krag wat Jesus opgewek het, die krag wat Hom bo alle bouse magte gestel het, die krag wat Hom as Hoof van sy kerk aangestel het, is die krag waarmee ons bekleed word. Leef dan elke dag daaruit!

### Gebed

In die hemel is die Heer  
en sy glans is soos kristal.  
Hy's die Heilige van God  
en Hy heers oor die heelal.  
Daar is mag in sy woord;  
soos die waters druis sy stem,  
soos die son op die see se blou -  
so die rykdom van sy trou.  
En aan U is die mag  
en die heerlijkheid en krag,  
en aan U is die eer  
en die lof, want U regeer...



## Kniewerk

- ✝ Voorbidding vir Paul en Jean Louw. Paul was in die hospitaal. Weer tuis.
- ✝ Voorbidding vir Joël Kriegler - gesondheid.
- ✝ Voorbidding vir Bobbie Dippenaar vir gesondheid.
- ✝ Voorbidding vir Elsabé Dreyer, ernstig siek.
- ✝ Ons bid vir ds. Petrie vir sy geestelike videoboodskap.
- ✝ Ons bid vir almal wat terug is werk toe en die wat wag om weer te begin werk.
- ✝ Ons bid vir werksgeleenthede en geleenthede vir elkeen wat werk soek.
- ✝ Ons bid vir ons regering, die president, die medici en almal en 'n kuur vir die virus.
- ✝ Ons bid vir elke liewe lidmaat in dié tyd van onsekerheid.
- ✝ Ons bid vir almal wat siek is of in die hospitaal is.

# KOSKAS

Die kerkkantoor is nog toe, kontak asb vir ds. Petrie om te reël vir 'n tyd om kosskenkings by die kerkkantoor af te gee 073 166 1306.

Ons help steeds met kospakkies in dié tyd van inperking. Hieronder is items waaraan ons tans 'n tekort het. Enige bydraes hiervan sal baie help.

Pap (Mieliemeel), Suiker, Koekmeel en Bruismeel, Pakkies Soya mince, Koffie, Tee, Tamatiesous, Tamatiepuree, Longlife melk, Blikkies groente, Waspoeier (vir klere), Sponsies (vir skottelgoed), droë boontjies en lensies, Marmite, Soppakkies, Sout, Handy Andy, Pilchards, Tuna, Blikkies meatballs & spaghetti, Blikkies Tamatie & uie, Sweetcorn, Konfynt & Grondboontjiebotter, Bingoseep, toiletpapier en toiletware.



**Die kerk is vir nou gesluit, maar ons werk gaan aan**



Hoewel ons kerk, Lourensrivier Gemeente, se deure gesluit is, is kerk waar ek en jy is.

Ds. Petrie en die kantoorpersoneel werk nou op 'n nuwe manier om ons lidmate te bereik.

In dié tyd van inperking is ons gemeente nou meer as ooit afhanklik van ons familie, ons lidmate se finansiële bydraes.

Oorweeg dit asseblief om steeds dankoffers, deuroffers en maandelikse bydraes elektronies te doen of om van die Zapper selfoon toepassing gebruik te maak.

**Bankbesonderhede**

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier


Bank: ABSA Bank STRAND

Rekeningnommer: 420 580 231

Takkode: 334 312

Verwysing: Naam,

dankoffer/deuroffer/maandbydrae



## KERKWEES IN 'N TYD VAN CORONA-19

**Kantoor (gesluit tot verdere kennisgewing) – ons werk van die huis af so kontak ons gerus!**

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: [petrie@lourensrivier.co.za](mailto:petrie@lourensrivier.co.za)

Riata 082 560 5283 e-pos: [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za)

Charlene 082 384 4037 e-pos: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za)

# Aanhaling/gedagte van die week:

## Verstaan jy die Boodskap?

Vroeër jare toe die telegraaf die vinnigste medium was waarmee langafstand kommunikasie bewerkstellig kon word, het 'n jong man aansoek gedoen vir die werk as operateur van die Morse Kode by 'n sekere firma.

Hy moes gaan vir 'n onderhoud en die kantoor waar hy moes wag, was baie besig en vol masjien-geluide, ook die van die telegraaf in die agtergrond.

'n Nota op die ontvangsdame se toonbank het aansoekers versoek om 'n vorm in te vul en dan hul beurt af te wag. Die jong man het die vorm ingevul en saam met sewe ander aansoekers in die wagkamer gewag.

Na 'n paar minute het hy opgestaan, na die kantoor waar die onderhoude gevoer word, gestap en ingegaan. Die ander aansoekers was verbaas en het gewonder hoekom hy sommer kon instap. Hulle was oortuig dat niemand geroep was vir 'n onderhoud nie en het geglo dat die jong man se optrede teen hom sou tel.

Na 'n paar minute het die bestuurder met die jong man in die deur verskyn en aan die ander aansoekers gesê: “Menere, baie dankie dat u gekom het. Die pos is egter sopas gevul.”

Die mans was ontevrede en het onder mekaar gemurmureer. Een van hulle het toe sy beswaar geopper: “Wag net, Meneer, ons verstaan dit nie. Hy het heel laaste opgedaag en u het nie eens 'n onderhou met ons gevoer nie. Tog word hy aangestel. Dit is nie billik nie!”

Die bestuurder het hom vinnig reggehelp: “Ek is jammer, maar terwyl julle hier gesit het, het die telegraaf die volgende boodskap in Morse Kode gegee: ‘As jy hierdie boodskap verstaan, kan jy dadelik inkom. Die pos is joune.’ Nie een van julle het die boodskap gehoor of dit verstaan nie. Die jong man het dit egter verstaan en daarom is die pos syne.

Ons leef in 'n wêreld vol besige en woelige geluide net soos in die kantoor. Mense se aandag word afgetrek en daarom hoor hulle nie God se stem as Hy deur die skepping, die Bybel, ens met ons praat nie.

Bron: algoagemeenskapskerk

# Aandag aan alle uitstallers

## Kersmarkte

### Keuring sluitingsdatum 30 Mei 2020

Agv Covid-19 is Kersmarkte keuringsdag te NGK Lourensrivier-Strand op 30 Mei gekanselleer. Kersmarkte gaan egter DV voort met hul markte.

Keuring gaan deur elke mark self gedoen word dmv 'n volledige stel foto's van uitstaller se produkte met pryse.

## LOURENSRIVIER FEESMARK 2020

**VRY 23 OKT - SAT 7 NOV**

Ons Feesmark is die ideale tyd en plek om ietsie spesiaal vir Kersfees vir jou hartsmense te koop, óf om jouself of iemand spesiaals met 'n unieke geskenk te bederf.

Dié mark is bekend vir sy gesellige atmosfeer, verskeidenheid produkte wat spesiaal met die hand vir jou uitgesoek is. Dames, kom kuier saam met jou hartsvriendinne, ma of dogter, of bring jou man en seuns saam vir 'n heerlike kuier-oggend.

Lourensrivier Gemeente Kerksaal, Hoek van Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand

FEESKAFEE elke dag, met smullekker versoekings!!

**LAAI AANSOEKVORM & INLIGTING HIER AF:**

LAAI AANSOEKVORM & INLIGTING HIER AF:

Vir Afrikaans kliek op die volgende link:

[https://www.lourensrivier.co.za/.../Feesmark\\_Inligting\\_stuk\\_en...](https://www.lourensrivier.co.za/.../Feesmark_Inligting_stuk_en...)

Vir Engels, kliek op die volgende link:

[https://www.lourensrivier.co.za/.../Feesmark\\_Information\\_and...](https://www.lourensrivier.co.za/.../Feesmark_Information_and...)

Stuur asb. Lourensrivier Feesmark-aansoekvorm, tesame met 'n volledige stel foto's met pryse, na Annalie Möller by [lourensrivierfeesmark@gmail.com](mailto:lourensrivierfeesmark@gmail.com). Net ingedagte hou - hoe meer foto's, hoe makliker kan keuring gedoen word.

Vir navrae kontak gerus vir Annalie Möller @ 072 269 6592 of die kerkkantoor @

(021) 853 5991



**Uitstallers moet self onderskeie markte van hul keuse (sien eposse) kontak om meer inligting en om 'n aansoekvorm.**

<b>Caledon Kersmark</b> cd@gaf1.co.za	
<b>Cape Gift Market</b> geskenkemark@gmail.com	
<b>Craft Expo @ Langebaan</b> craftexpo.lbn@gmail.com	
<b>Durbanville Kruiskerk Geskenkemark</b> durbanvillegeskenkemark@gmail.com	<b>Kleinmond Kersmark</b> adupreez0@gmail.com
<b>Disakloof Gift Market Betty's Bay</b> info@bettysbaymarkets.co.za	<b>Lourensrivier Feesmark</b> lourensrivierfeesmark@gmail.com
<b>Ekliefkrismis</b> info@ekliefkrismis.com	<b>Paarl Feesmark</b> paarlfeesmark@gmail.com
<b>Gansbaai Kersmark</b> gansbaai.kersmark@telkomsa.net	<b>Santas Fair</b> santasfairkersmark@gmail.com
<b>Hermanus Feesmark</b> kerkkantoor@ngkerkhermanus.co.za	<b>Weskus Kersmark</b> weskusmark@akkerdykkerk.co.za
<b>Kersmark Met Liefde Villiersdorp</b> info@metheplanner.co.za	<b>Worcester-Oos Kersmark</b> kersmark@ngkwoos.org.za

Navrae | 072 269 6592

## BYBELGENOOTSKAP

Deur die jare was nog altyd die gebruik dat daar 'n kollekte vir Bybelverspreiding gedurende Pinkstertyd vir die Bybelgenootskap opgeneem word. Omtrent 70-80% gemeentes van die Wes-Kaap neem jaarliks so kollekte tydens Pinkster op. Dit het altyd 'n baie nodige inkomste vir Bybelverspreiding ingebring.

Dit kan met EFT gedoen word of in die Bybelgenootskap van SA se bankrekening in betaal word.

**Die Bybelgenootskap van SA**

**ABSA Santyger,**

**Rekeningnommer 550 220 288,**

**Taknommer 632 005,**

**Verwysing : Pinkster / Donateur nommer en tel nr.**

- **Bybels kan weer aanlyn, en by die Bellville kantoor gekoop word.**

**Bid ook asb. in die tyd vir die Bybelgenootskap wat met groot uitdagings sit. Heelwat Bybels word versprei by kosvoorsieningspunte en die vertalingsprojekte gaan onverpoos voort. Dit is vir ons belangrik dat ons missionale projekte –soos Bybelvertalings en Bybelverspreiding steeds moet voortgaan.**



Snap here to pay

 SnapScan



# Geestelike Video-boodskappe: Ds. Petrie



**HEMELVAART Donderdag 21 Mei**

Video boodskap

<https://www.youtube.com/watch?v=R0sc2tNHeJg>

Geskrewe boodskap

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Efes\\_1v15-23\\_Hemelvaart\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Efes_1v15-23_Hemelvaart_2020.pdf)

**Sondag 17 Mei**

<https://www.youtube.com/watch?v=dZnLU3ccP7U&t=1s>

Geskrewe boodskap

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_3v18-22.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_3v18-22.pdf)

**Sondag 10 Mei**

Video boodskap

[https://www.youtube.com/watch?v=79R\\_0qwhw38&t=8s](https://www.youtube.com/watch?v=79R_0qwhw38&t=8s)

Geskrewe boodskap

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_2v1-10.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v1-10.pdf)

**Sondag 3 Mei**

Video boodskap

<https://www.youtube.com/watch?v=pUa0Prqg-AM>

Geskrewe boodskap

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_2v18-25.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v18-25.pdf)

**Sondag 26 April**

Video Boodskap:

<https://www.youtube.com/watch?v=d5LEivf8F0k&fbclid=IwAR2KqwwlVXKZBNtP88qHcSVZYTAfrfOPisNKZgPAB9mMlxYhetpwjzlbZdl>

Geskrewe Boodskap

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_1v17-23.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v17-23.pdf)

**Sondag 19 April:**

Video-boodskap: [https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRYiKbGoAVWSdivAExp\\_J\\_ZqIUaUwM6-BSx13umqVI](https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRYiKbGoAVWSdivAExp_J_ZqIUaUwM6-BSx13umqVI)

Geskrewe-boodskap:

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_1v3-9.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v3-9.pdf)

**Sondag 12 April - Paasfeesboodskap**

Video-boodskap:

<https://www.youtube.com/watch?v=DpBxPZIXYCU&t=7s>

Geskrewe-boodskap:

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh\\_20\\_Paasfees\\_12\\_April\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20_Paasfees_12_April_2020.pdf)

**Vrydag 10 April – Goeie Vrydag**

Video-boodskap:

<https://www.youtube.com/watch?v=kGQtludZ7W0&t=108s>

Geskrewe-boodskap:

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes\\_52v13-53v12\\_-\\_Goeie\\_Vrydag\\_10\\_April\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes_52v13-53v12_-_Goeie_Vrydag_10_April_2020.pdf)

**Sondag 5 April**

(Video is verwyder, sal later weer opgelaa word)

Geskrewe-boodskap:

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat\\_21v1-11.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_21v1-11.pdf)

## Geestelike Video-boodskappe: Ds. Bas Peters



**Sondag 29 Maart 2020**

Video verwyder – sal later opgelaa word

[https://www.lourensrivier.co.za/images/27\\_Maart\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/27_Maart_2020.pdf)

**Sondag 22 Maart 2020**

<https://www.youtube.com/watch?v=-lkPtfXaQjM&t=6s>

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar\\_is\\_God\\_met\\_corona\\_virus\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar_is_God_met_corona_virus_2020.pdf)

## VIDEO BOODSKAPPE TIJANE VISSER – LIFELINE YOUTH



<https://www.youtube.com/watch?v=HI5G11tPXFQ>

<https://www.youtube.com/watch?v=0mwHw-7wWwI>

<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2471590529819546/>

<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/808790379644355/UzpfSTewOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjEyNDc2MjQyMjU2MjU3/>

<https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1112247929136933/>

<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2553854564897562/UzpfSTewOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjAzNDYNTc2NDk2OTU3/>

<https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1846330268835861/>

<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2878453418916592/UzpfSTewOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMTkxNDUxOTc0MzU4Njg0/>

## VIDEO BOODSKAPPE CONSTANT VARLEY – LIFELINE YOUTH



<https://www.facebook.com/watch/?v=217312626216227>

## VIDEO BOODSKAPPE ADRIAAN LAMBRECHTS



<https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/838826366640430/UzpfSTE3MDA5NzE5MDAxMzk2MDE6MjU3MDk1OTY2NjQ3NDE0OQ/>

Besoek ons webblad: Lourensrivier.co.za / <https://www.lourensrivier.co.za/>

Besoek ons Facebook blad: Lourensrivier SeMense /

<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/?ref=settings>

Lifeline Youth <https://www.facebook.com/ChooseALifeline/?ref=bookmarks>

Lourensrivier Dinamiet KIEDZ: <https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/>